Hasie Kwassie

GRAAD R & GRAAD RR

Kwetter Letter

Laerskool VAN RIEBEECKPARK Primary

DOELGERIG

NOMMER 4 VAN 2021 : 18/02/2021

| Lees asseblief alle inligting |

1. PERSONEEL BOODSKAP

Die Hasie Kwassie maats geniet die skool en leer baie nuwe dinge !

Hier is 'n paar wenke vir Mamma en Pappa:

- **Onthou... dissipline begin by die huis.**
- **Groet vinnig in die oggend – maak dit maklik vir jou kind.**
- **Wees ingelig – lees elke week die nuusbrief.**

Student-juffrou

Juffrou Veruschka, ons Hasie Kwassie student-juffrou is al goed ingeburger hier by ons. Ons weet Juffrou gaan baie gelukkig wees by ons!

2. Verjaarsdae

- Baie geluk ook aan al ons Hasie Kwassie maatjies wat in Februarie verjaar – geniet 'n dag vol pret!

NB: Ons weet verjaardae is baie spesiaal, maar ons kan ongelukkig geen verjaardagpakkies, "cupcakes" of enige versnapperinge by die skool toelaat in die tydperk van Covid nie.

3. Buitemuurse aktiwiteite

Maandag	- Playball ; Drama ; Ballet
Dinsdag	- Gholf ; Swem
Woensdag	- Netbal ; Rugby Akademie (**Onthou tekkies**)
Donderdag	- Tennis - (**Onthou tekkies**) ; Swem
Vrydag	- Dance Mouse

Playball	Debbie 082 440 4708	Gholf	Keagan 083 782 7781
Swem	Ellen 082 920 8747	Ballet	Karlien 083 297 5714
Netbal & Rugby Akademie	Venessa 083 660 4707 Dawid 081 575 2682	Tennis	Diaan 071 895 1619
Dance Mouse	Elden 078 998 3688	Drama	Lydia 073 829 0593

- Alle aktiwiteite hervat in Februarie 2021. U het ‘n pamflet met inligting ontvang.
- Neem kennis: Aktiwiteite is nie verpligtend nie ; Addisionele fooie is betaalbaar.
- Bogenoemde aktiwiteite word privaat aangebied – Rig alle navrae direk aan die betrokke kontakpersoon.
- Alle aktiwiteite word gedurende skoolure aangebied – (Buitespeltyd).
- Dankie vir u samewerking.

HASIE KWASSIE HET ‘N DINAMIESE **BUITEMUURSE SPAN**. GEE JOU KIND ‘N KANS OM SY/HAAR TALENTE TE ONTWIKKEL. KONTAK GERUS DIE AFRIGTERS DIREK VIR VERDERE NAVRAE.

4. Tema vir die week

22/02/2021 - 26/02/2021

BOEKE EN SPEELGOED

- **Lees maak ons slim.**
- **Ons leer die waarde van boeke en hoe ons met speelgoed speel en dit oppas.**
- **Lees asseblief gereeld vir u kind.**

5. Opvoedkundig

5.1 NUUSLÊER

- U ontvang ELKE DONDERDAG u kind se nuuslêer.
- Haal alle dokumente by plakker uit. U wil nie belangrike inligting mis nie - LEES ASSEBLIEF ALLES!
- Stuur die lêer voor of op Maandag terug skool toe.
- U kan ook die Riebie-Klanke en alle inligting op die webwerf, www.riebie.co.za en **d6** lees.

5.2 SKOOLURE

KOMMUNIKEER ASSEBLIEF HIERDIE INLIGTING AAN ALLE PERSONE WAT KINDERS KOM AFLAAI VOORSKOOL EN KOM AFHAAL NA SKOOL. DIE VEILIGHEID VAN ONS KINDERS IS VAN KARDINALE BELANG.

- Huidige skoolure vir pre-primêr is vanaf 07:30 – 12:30.
- Arriveer vanaf 06:45 – 07:15 sodat daar voldoende tyd is vir covid-roetine by die hekke en die sanitasieproses voordat leerders die klas binnegaan.
- Slegs 1/een ouer mag leerder in die oggend tot voor die klasdeur vergesel.

- **Ingang:**
  Alle Graad R leerders kom in by die klein hekkie in Armadastraat.

- **Uitgang (12:30):**

Juffrou Sonja	-	Klein hekkie in Armadastraat.
Juffrou Anke	-	Klein hekkie in Armadastraat.
Juffrou Lynette	-	**Motorhek in Armadastraat** *.
Juffrou Cathy	-	**Motorhek in Armadastraat *.**

Let wel: Onderwysers sal die leerders om 12:30 na die hekke toe vergesel. GEEN ouers word op die skoolterrein toegelaat nie.

- Wagklas **vir kleuters met ouer boeties of sussies** (Gr 1–7) is vanaf 12:30 - 14:00. Ouer boeties en sussies moet kleuters sonder versuim kom afhaal sodra die skool sluit. Geen toesig na 14:00. Kleuter sal na naskoolsentrum geneem word en die koste sal van ouers verhaal word. Haal asseblief u kind betyds af.
- GEEN WAGKLAS OP VRYDAE NIE.

BAIE BELANGRIK

Leerders ontvang weekliks op ‘n Maandag ‘n Covid-vorm in hul tassie. Die vorm moet deur ouers voltooi word en op die Dinsdag teruggestuur word. Die invul van die Covid-vorm is VERPLIGTEND.

5.3 KOM ONS WORD SLIM

- ❖ Laat u kleuter so veel as moontlik met blokkies bou en speel.
- ❖ Ontwikkel kreatiewe denke, ruimtelike oriëntasie, asook wiskundevaardighede (gesyferdheid).
- ❖ Beperk “playstation”en rekenaarspeletjies!
- ❖ Gee aandag aan luistervaardighede. Ouers praat een keer en kinders luister en reageer dadelik.
- ❖ Oogkontak is belangrik!

6. Algemeen

6.1 BELANGRIKE DATUMS

Teken asseblief die volgende belangrike datums in u dagboek aan :

Donderdae	**Nuusboek**
Vrydae	**Nuusboek terug**
25 Feb	Foto’s (Individueel & Klas)
11 Maart	Instappie
11 Maart	Klaslyste vir oueraande teen muur (Ouers maak afsprake)
23 Maart	Oueraand: DOGTERS (13:00 – 14:00 / 16:00 – 17:00)
24 Maart	Oueraand: SEUNS (13:00 – 14:00 / 16:00 – 17:00)

- *Verdere datums en inligting vir die res van die kwartaal sal bygevoeg word in lyn met die aangepaste skoolkalender.*

Hierdie program is onderhewig aan veranderings
Verwys ook na die Riebie-Klanke
Web & D6

6.2 KONTAK SKOOL

- ❖ Indien ‘n Hasie Kwassie personeellid gekontak moet word, skakel asseblief tussen **10:30 en 11:00** en vra om met u kind se Juffrou te praat.

6.3 AANLEER VAN ‘N BELANGRIKE TELEFOONNOMMER

- ❖ Ouers word versoek om hul kinders aan te moedig om ‘n belangrike telefoonnommer aan te leer.

6.4 VALENTYNSDAG

- ❖ Al die Hasie Kwassie maats het pragtig gelyk ❤
- ❖ Dit was ‘n dag propvol pret!

6.5 KUNSWEDSTRYD

- ❖ Kunswedstryd oudisies vind tydens skoolure plaas. Verdere inligting sal volg, indien u kind gekies word om aan die kunswedstryd deel te neem.

6.6 BUITESPEL

- Leerders speel op ‘n rotasiebasis op die **netbalbane**, soos hieronder aangedui.
- Dit is **BAIE BELANGRIK** dat die leerders hul tekkies aan het op die dae wat hulle op die bane speel, aangesien die oppervlak warm is.

MAANDAG & WOENSDAG
Juffrou Sonja en Juffrou Anke se leerders.

DINSDAG & DONDERDAG
Juffrou Lynette & Juffrou Cathy se leerders.

VRYDAG – 19 FEBRUARIE 2021
Juffrou Lynette en Juffrou Cathy se leerders.

Belangrik: ONTHOU TEKKIES !!!

6.7 KLASFOTO’S & INDIVIDUELE FOTO’S

- Klasfoto’s en Individuele foto’s word op **25 Februarie 2021** geneem.
- Koste:
  Klasfoto - R40-00
  Individuele fotopakket - R60-00
- Stuur asseblief relevante fotogeld bedrag, in ‘n duidelik gemerkte koevert, voor/op 24 Februarie 2021 na u kind se klasonderwyser.

6.8 INSTAPPIE

- “ENTERACTIVE PRODUCTIONS” poppekas aanbieding.
- **Donderdag, 11 Maart 2021**
- **Kostes:** R30-00
- Covid-regulasies sal toegepas word.
- Stuur asseblief korrekte bedrag in ‘n gemerkte koevert, voor/op 8 Maart 2021.

6.9 OUERS

- Leerders se veiligheid is belangrik!!! Volg asseblief alle verkeersreëls wanneer u kinders oplaai/aflaai. Moet nie voor toegangshekke of aan die verkeerde kant van die pad parkeer nie. U-draaie en spoed is ontoelaatbaar. Kommunikeer asseblief hierdie inligting ook aan alternatiewe persone of instansies wat u kind vervoer.
- Ons weerstoestande is tans weer warm. Kinders kom KAALVOET skool toe, behalwe vir die dae wat hulle op netbalbane met tekkies speel (soos genoem in punt 6.6).
- Leerders eet ontbyt tuis en besoek die toilet by die huis voordat hy/sy skool toe kom.
- Kommunikeer alle navrae en/of probleme (medies of andersins) eers aan die klasonderwyseres. Indien nodig sal die situasie opgeneem word met die Grondslagfase-Hoof (Me A Opperman) en/of die Skoolhoof (Mnr V Botha).
- Moet asseblief nie kinders onnodig uit die skool hou nie. Leerders mis assesserings en vaslegging van vaardighede, asook noodsaaklike werk wat gedoen moet word.
- Onthou asseblief: Ons ouers is ons kinders se rolmodel, wat betref gedrag/optrede en kleredrag. Ons, as ouers, moet versigtig wees om nie ‘n verleentheid vir ons kinders te wees nie.
- Stel asseblief altyd ‘n goeie voorbeeld vir u kind/ers.

7. Finansies

SKOOLGELDE VIR HASIE KWASSIE BELOOP R1530-00 per maand,
VOORUITBETAALBAAR VIR 12 MAANDE.

GEEN GELDE MAG DEUR ONDERWYSERS ONTVANG WORD NIE, TENSY DIE PRESIESE BEDRAG IN 'N KOEVERT MET ALLE BESONDERHEDE DUIDELIK OP DIE KOEVERT AANGEDUI, GEPLAAS IS.
MOENIE VORMS IN KOEVERT PLAAS NIE.

BANKBESONDERHEDE

Naam	:	LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK
Bank	:	FNB (TJEK REKENING)
Takkode	:	205609
Reknommer	:	62749134243
Verwysing	:	Gr R en Kind se naam & van

- Kontak Me Liesl van Straaten in die finansiële kantoor vir enige navrae.

8. Wagklas

22 Februarie 2021 – 26 Februarie 2021

12:30 tot 14:00

LOKAAL: Juffrou Anke se klas

Wagklas roteer van klas tot klas, op weeklikse basis.
Slegs vir leerders met ouer boeties / sussies in Laerskool van Riebeeckpark.

Geen wagklas op Vrydae – Skool sluit 12:30.

SNOEPIE vir Graad R-leerders elke Vrydag vanaf 19 Februarie 2021.
Snoepie-geld in beursie in skooltas.

LYNETTE | SONJA | CATHY | ANKE | VERUSCHKA